# AFRIKAANS TAALLEER

## Graad 6 ~ Kwartaal 1

### Basisvorme

Woorde wat nie in kleiner betekenisvolle dele verdeel kan word nie, word **basisvorme** of **simplekse** genoem. Simpleks het geen voorvoegsel of agtervoegsel nie. Dit kan wel meer as een lettergreep hê.
'n Simpleks is dus die kleinste gedeelte van 'n woord wat betekenis dra.



***Voorbeelde:***
plek, min, spuit, stoel, lepel

Woorde wat wel verder in betekenisvolle dele verdeel kan word, word **komplekse** genoem. Dis 'n woord wat bestaan uit 'n basisvorm of simpleks en een of meer voorvoegsels en/of agtervoegsels.

***Voorbeelde:***
plek**ke**, plek**kies**, min**der**, **ver**minder, **be**spuit, stoel**tjie**, lepel**s**

Die woord **plek** is 'n simpleks of basisvorm, maar die woord **plekke** en **plekkies** is kompleks.

**Plekke** kan verdeel in **plek** (basis) + **ke** (agtervoegsel wat meervoud aandui).

**Plekkies** kan verdeel word in **plek** (basis) + **kie** (wat verkleining aandui) + **s** (wat meervoud aandui).

**Basiswoorde en stamme van woorde:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| taalgroepe | - | taal (*basis*) | - | groepe (*agtervoegsel/meervoud*) |
| woorde | - | woord (*basis*) | - | e (*agtervoegsel / meervoud*) |
| spelling | - | spel (*basis*) | - | ling (*agtervoegsel*) |
| professor | - | professor (*simpleks*) | | |


©My A Plus (2024)